



# Maak jouself trots!

26 Maart 2018

## Omsendbrief 11/2018

Geagte Ouers

Aan die einde van hierdie kwartaal wil ons graag die volgende inligting met u deel:

### **A. Personeel**

Baie dankie aan elke personeellid vir al die harde werk van die afgelope kwartaal op akademiese-, kulturele- en sportgebied en veral dankie vir al die ekstra tyd wat u insit tot voordeel van ons kinders en die skool.



Hartlik geluk aan mej. M. Brown wat tydelik in die graad 7 pos aangestel is terwyl mev. L. Hefer vanaf volgende kwartaal gaan waarneem as skoolhoof.

### **B. Ouers, kinders en buite-afrigters**

'n Hartlike woord van dank aan elkeen van u as ouers vir u ondersteuning op al die terreine van die skool die afgelope kwartaal waarsonder ons nie so suksesvol sou wees nie. Baie dankie ook aan elke kind vir al die opofferinge wat gemaak was die afgelope kwartaal.

Baie dankie aan die volgende buite-afrigters vir uitstekende werk gedoen: **Toutrek** – Mnre. C. Heiberg, K. Nortje en mev. J. Nortje asook mevv. K. Shaw en M. van Antwerpen (komitee), **Atletiek** – Mnre. B. Meyer en W. Singleton (junior en senior).

### **C. Sport en kultuur**

Ons is baie trots op ons kinders se deelname en prestasies die afgelope kwartaal op al die terreine, naamlik atletiek, swem, toutrek, mini- en senior krieket, skaak, junior- en senior tennis.

## **D. Akademie**

U kinders ontvang, soos die gebruik is, Woensdag hul verslae. Bestudeer dit asseblief deeglik, bespreek dit met u kind en kontak gerus die klasonderwysers indien u verdere inligting verlang.



## **E. Pretloop**

Ons jaarlikse Pretloop vind weer volgende kwartaal in Wynberg Militêre Basis plaas en wel op **Vrydag, 13 April**, gedurende die skooldag. Hou solank 13 April oop en kom stap saam met ons en die kinders. Kyk na die uitstekende pryse wat te wen is en werk asseblief hard aan die donasielyste.



## **F. Kwartaalafsluiting**

U is baie welkom om ons gebruiklike saalbyeenkoms eerskomende Woensdag om 08:30 by te woon. **Onthou dat die kinders Woensdag om 11:00 verdaag.**

## **G. Persoonlik**

Ek wil hulde bring aan elke kind, elke ouer en elke personeellid wat die afgelope 21 jaar die pad saam met my gestap het hier by ons skool. Elkeen het my lewe besonder verryk en dit vir my moontlik gemaak om my werk te doen en dit te geniet. Dit was vir my 'n groot voorreg om saam met elkeen te werk en dit sal my altyd bybly.

n Spesiale woord van dank en waardering aan die volle personeel vir al die ondersteuning en lojaliteit aan my en aan die skool. Simon van der Stel is bevoorreg om so 'n hardwerkende, lojale en uiters bekwame personeel te kan hê.

Ek wens vir u, u kinders, mev. L. Hefer en die personeel alles van die heel beste toe met die pad vorentoe en ek weet dat u en die kinders ook vir hulle die ondersteuning sal gee wat ek so bevoorreg was om van elkeen te kry.

Baie dankie ook aan almal wat die afgelope Vrydagaand se funksie kon bywoon en ook aan diegene wat weens ander verpligtinge nie hier kon wees nie. Ek waardeer dit opreg.

Mag ons skool van krag tot krag gaan!



**PRETLOOP**

'n Geseënde Paasfees vir elkeen van u. Geniet die tyd wat u kinders huis kan wees en vir die van u wat op reis gaan, wens ons 'n aangename en veilige reis toe.

Vriendelike groete.



**E.L. KÄSNER  
SKOOLHOOF**

**INDIVIDUELE FOTO'S:**

Elke leerder het alreeds 'n koevert ontvang vir die bestellings. Maak asb. seker dat u die korrekte bedrag in die koevert plaas.



**Sluitingsdatum vir bestellings:  
Donderdag, 3 Mei**

**AFSTERWE:**

Ons innige simpatie gaan aan een van ons graad 4 leerders, **Devondre du Plessis**, asook aan sy gesin, met die skielike heengaan van sy ma die afgelope naweek.

Ons bid dat die Here vertroosting sal bring.



**So Sorry For Your Loss**